Die verhaal van Oubratouvishar oor sy reis na Memphis

**182** Ek (JaHshua) vra verder: "Waar kry jy dié baie waardevolle, agtenswaardige opleiding?"

[2] Oubratouvishar antwoord: "Ek en my dienaar trek tien jaar gelede eens langs die Nyl, begelei deur nog twintig van die sterkste hulpdienaars, wat `n goeie kudde beeste moes saamneem; want wie in ons streke wil reis, moet baie vee saamneem anders kan hy tydens die reis versmag. Vye en dadels groei nie orals nie, maar slegs op goeie en ryk grond; gras groei egter orals aan die Nyl in oorvloed, en dus het hy dan orals die voedsame melk van die koeie, wat alle kos geur.

[3] Só toegerus probeer ons dan, soos reeds gesê, tien jaar of tien reëntye gelede stroomafwaarts `n tog onderneem. Enkele dae kom ons sonder moeilikhede heel maklik vooruit, maar op die derde dag hoor ons reeds in die verte `n geweldig donderende geluid. Ons versnel ons pas en bereik binne die tyd waarin mens duisend klippe sou kon tel, die eerste waterval van die Nyl. Ons sien bykans geen moontlikheid om verder te kom nie. Een van ons moedigste klimmers beklim `n hoë rots om te sien hoe dit met die omgewing gesteld was. Toe hy weer by ons terug is, beskryf hy my `n pad wat weliswaar ver na links van die Nyl afbuig, maar heel in die verte weer by die Nyl uitkom. Ek besluit daarop om hierdie pad te volg. Aan rotse en ander onherbergsaamhede het hierdie ompad werklik geen gebrek nie. Eers teen die aand van hierdie dag bereik ons in groot hitte eindelik `n weiveld wat met baie palms en papirusbome begroei is, met in die middel `n baie ryk fontein wat ons kudde en ons baie goed te pas kom. Hier rus ons `n volle dag.

[4] Op die tweede dag breek ons met eerste oggend-skemering op en sit ons reis voort. Teen sonsopgang bereik ons weer die Nyl en `n breë pad, soos wat ons dit nog nooit vroeër gesien het nie, waarop ons na `n halwe dag in die buurt van die stad kom waaroor ons voorouers ons baie vertel het. Ongeveer tweeduisend treë voor die stad slaan ons ons kamp op; ek en my dienaar ry egter na die stad om toestemming te vra om in die omgewing van die stad met ons nood-saaklike kudde te mag kamp opslaan.

[5] Toe ek saam met my dienaar in die stad kom, word ek deur `n menigte baie bruin mense omring en sommiges vra my wie ek is en waarvandaan ek kom. Ander raai egter dadelik en sê: 'Thot-e- Nou-bies' ('Thote Noubiez!') (Dit is `n Nubiër) en ek sê: 'Ja, ek is `n Nubiër en sou graag hier by julle, volmaakte mense, baie goeie en mooi dinge wou leer!'

[6] Toe laat hierdie nuuskieriges `n ou grysaard na my kom en dié ondervra my grondig oor allerlei sake, gaan ten slotte selfs na ons kamp en maak daar eers aan ons bekend dat hy die hoogste priester van hierdie stad, en terselfdertyd bestuurder van hierdie stad en die wye omtrek was wat deur Rome aangestel was. Ek skenk hom dadelik sewe van die mooiste koeie en twee bulle en twintig van ons skape met die fynste wol.

[7] Dít stem die goeie ou man baie vriendelik en hy sê toe aan my: 'Julle sal heelwat baat vind by ons ou en suiwere wysheid! Maar neem niks oor van ons totaal verdorwe sedes nie, want dié is slegter as sleg! Hierdie stad was eens op `n tyd die trots van die land, wat ook haar naam Memavise (in Grieks: Memphis) = 'die mees verhewe naam', helder en duidelik sê; nou is die naamlose, mees verhewene slegs `n uitgestrekte puin-hoop, waarvan julle julself spoedig maklik kan oortuig!

[8] Die volk wat nog hier is glo deels glad nie aan `n hoogste Goddelike wese nie, en is deels vol duistere bygeloof, waarvan hulle nooit te bevry is nie. Slegs ons klein groepie leef nog in die ou, ware kennis van die een, ewige, ware Elohim. Die blinde en dom volk glo aan enige duisende gode; selfs aan diere en hul stoflike oorskot bewys hulle goddelike eer en ons kan niks daaraan doen nie.

[9] Wel het ons voorouers reeds die saad daarvoor gelê, naamlik deur `n paar diere vanweë hul groot nut `n soort half goddelike eer te bewys om die volk sover te kry dat hulle hierdie nuttige land- en huisdiere beter versorg. Die oudstes wou daardeur ewenwel slegs op sigbare wyse die veelvoudige uitstraling van die god-delike liefde en wysheid in die aard van dinge toon aan die volk wat toentertyd nog uiters min ontwikkeld was. Maar met die verloop van tyd word die geskied-enis van die volke, hoe verder dit teruggaan in die verlede, eerbiedwaardiger en eerbiedwaardiger. Hulle omhul hulle altyd meer met `n sekere goddelik waas en slegte en gewetenlose, sogenaamde volksop-voeders het dan `n des te makliker spel om alles wat in die oergryse outyd gebeur het, te vergoddelik en die blinde volk so diep moontlik in die ergste bygeloof te begrawe.

[10] Wees daarom op julle hoede, opregte Nubiërs en neem net wat julle van my sal hoor as egte waarheid aan; maar wend julle af van alles wat julle by die volk sal hoor en sien; want dit is slegter as sleg! Julle sal hulle sien offer en allerlei betekenislose seremonies sien verrig; by baie groot plegtighede sal julle selfs vir my in die pragtigste ampsgewaad voorop sien gaan. Steur julle egter nie daaraan nie, want met al dié dinge doen slegs my vel mee maar my innerlike is en bly steeds by die een, ewige, enigste ware Elohim, wie se liefde my lewe, en wie se lig my ware wete en kennis is.

[11] Kom jy en jou dienaar nou te voet saam met my na die stad na my huis toe, waar ek julle alle verdere aanwysings sal gee oor hoe jy en jou metgeselle julle hier moet gedra. Ook sal ek julle vir julle kudde die regte plek aanwys waarop julle as vreemdelinge `n volle jaar mag bly sonder om deur iemand lastig geval te word. Maar jy en jou dienaar sal by my woon sodat ek jou in baie dinge onderrig kan gee.'

[12] Ek sê: 'Beste owerste! U vind dit tog wel goed dat ons die geskenk wat u barmhartiglik uit my hand aanvaar het, na die stad saamneem?"

13] Toe sê die werklik goeie owerste heel vriendelik: 'Nie nou nie, maar eers oor drie dae as julle `n ander weiveld betrek het! Maar daar moet julle net soos ons dieselfde skoene dra, want snags kruip hier baie klein insekte en wurmpies deur die grasveld, wat orals sanderig is, na bo en dit kruip onder die toonnaels in en veroorsaak na verloop van tyd baie pyn. In my huis

sal ek julle daarmee wel so goed moontlik voorsien, want ek het baie knegte, dienaars en slawe.’

[14] Ons, ek en my dienaar, gaan toe saam met die owerste na die groot stad. Na ongeveer vierduisend treë kom ons in die stad aan op `n groot plein wat omring is deur die pragtigste geboue wat uit blokvormige klippe opgetrek was. `n Aantal van hierdie groot geboue was reeds behoorlik beskadig, maar talle was nog in goeie toestand. Eén gebou bestaan uit louter suile en binne die uitgestrekte suilgange was enorme groot beelde van allerlei soorte en vorms sigbaar; ook was die suile voorsien van allerlei tekens en letters, wat die owerste my later meermale uitlê. Langs hierdie suilesaal staan `n enorme groot paleis waar dit baie bedrywig was.

[15] Toe sê die owerste: ‘Kyk, daardie is my woonhuis; kom nou na binne en bekyk alles wat daarbinne is!'"

## Die vloek van die oerbeskawing van die Egiptenare

**183** Oubratouvishar:) "Heeltemal vry voor hierdie paleis staan twee reusagtige groot suile (obeliske), wat aan alle kante volgeskryf is met allerlei tekens, figure en letters; ook voor die groot suilesaal is twee soortgelyke suile geplaas.

[2] Skugter gaan ons die huis van die owerste binne en moes `n entjie loop voor ons in sy woonvertrek kom. Ag, daarin sien dit so wonderbaarlik mooi daar uit dat hoor en sien vir my letterlik vergaan.

[3] Ek vergelyk by myself my armsalige hut tuis met hierdie woning en sê aan myself: ‘Waarom weet en ken ons swartes eintlik so wonderlik min? Waarom kan ons nie sulke bouwerke oprig nie? Waarom kan ons nog steeds geen metaal produseer nie? Ons het nog steeds geen ander snywerktuie as dié wat ons by die Egiptenare vir ons ruwe natuurprodukte geruil het nie! Hoe armsalig is ons geweefde toue, en hoe sleg spin ons! By ons vind jy geen gees, geen talent, geen ywer nie; ons staan skaars op `n hoër vlak as ons ape!'

[4] Toe ek my verloor in sulke gedagtes, breek my hart en ek moes huil en daarby sê ek hardop: ‘O, waarom is ons swartes dan nie geheel en al diere nie, wat nie kan dink en ook niks kan voel nie?! Watter pragtige dinge kan die egte mense, hierdie ware aardse gode, skep, en ons kan niks daarmee vergelyk nie, ons swart halfmense en halfdiere! En tog maak al dié pragtige dinge wat die egte mense geskape het so `n magtige indruk op ons!’

[5] Toe sê die owerste aan my: ‘Trek dit jou nie te veel aan nie! Ons het reeds grysaards geword wat aan al hierdie pragtige dinge geen vreugde meer kan beleef nie omdat ons onsself reeds oorleef het. Julle is egter nog kinders vol krag en vol altyd meer ontwakende ywer. Ons lewens is alreeds opgebruik vir hierdie wêreld, ons krone lê verwelk in die graf van die vergetelheid, ons paleise stort ineen en ons huidige wetenskap en kennis is slegter as sleg. Ons het hier nog maar min smede en wewers; in al ons tegniese behoeftes moet ons deur Rome of deur Griekeland voorsien word.

[6] Ja, eens, `n paar duisend jaar gelede, het hier in hierdie land inderdaad meer gode as mense gewoon, wat werke opgerig het waarvan die oorblyfsels nog die verbasing sal wek van die laaste nakomelinge op hierdie aarde! Maar wat ons nou voortbring, lyk slegs maar na vernietiging, sowel wat materie betref as die siel. Maar julle is nog `n onbedorwe, ongerepte en jeugdige, kragtige volk, julle kan dink en wil, en kan daarom al gou groter word in julle werke as wat die volke van dié land ooit was.

[7] Wil julle as mense egter werklik gelukkig lewe op hierdie aarde, bly dan by julle ou eenvoud! Ten eerste kos dit julle weinig moeite en werk, ten tweede het julle maar baie geringe natuurlike behoeftes waarin julle maklik kan voorsien. Die veeteelt op julle ryk bergweivelde besorg julle weinig werk en sorg, en die akkerbou, wat julle maar baie min bedryf, is tog al te verwaarloos; ook julle kleding is eenvoudig en maklik te vervaardig. Julle hoef daarom maar baie min tyd te bestee aan julle natuurlike behoeftes, en daarom kan julle jul meer en uitsluitlik besighou met geestelike beskouings! En kyk, dit is baie meer werd as om ten koste van honderdduisend maal honderdduisend menselewens met bloedige sweet sulke paleise te bou, sodat die onverwoesbare tand van die tyd duisende jare voldoende het om daaraan te knaag!

[8] En wat is uiteindelik so `n kunstig oormekaar gelegde hoop klippe vergeleke met `n enkele grashalm wat deur die groot gees van Elohim gebou word? Ek sê vir jou: heeltemal niks nie! Elke grashalm, elke boom is `n gebou van Elohim, groei uit die liewe aarde sonder ons moeite en arbeid, en in `n kort tydjie verkwik hy ons smaak met sy soete vrug. Hoeveel moeite en verskriklik baie werk kos so `n paleis egter die mens! En wat het hulle daarna, as hulle werk na talle bloedige jare voltooi is? Niks behalwe miserabele voeding vir hul hoogmoed, opwekking van naywer by vreemde volke en na verloop van tyd, oorlog en allerlei vervolging!

[9] Waarlik, my beste swart vriend, dít is die miserabele geluk van `n volk wat so dom is om met sulke dooie paleise sy mooiste en vrugbaarste weiding te bedek, waarop andersins talle honderd duisende vrugbare bome hul edele vrugte in die skoot van die tevrede mense wat in heel eenvoudige hutte woon sou kon laat val het! Kyk, op die plek waar hierdie stad gebou is, sou maklik tienduisend mense tesame met hul talryke kuddes voldoende lewensonderhoud kon vind; nou woon daar weliswaar ook nog omtrent honderdduisend mense binne hierdie beskadigde mure! Maar wat `n lewe lei die meeste!

[10] Eens op `n tyd, so leer die geskiedenis, was hierdie land `n koringskuur waaruit in tye van nood vreemde volke van brood voorsien was; nou moet ons dikwels die koring bekom van lande en volke ver weg! Ons kuddes bevind hulle in `n baie ellendige toestand. Duisende mense in so `n stad werk vanweë hul bietjie goud en silwer glad nie, loop dag in en dag uit en niksdoen, het verkeerde vroue en vermaak hulle daarmee dikwels op die laagste, dierlikste manier; dit veroorsaak altyd baie siektes - iets wat julle glad nie ken nie. Oordag, solank die son skyn, sal julle hierdie stad heeltemal ontvolk aantref; eers wanneer die koeler nag aangebreek het kom hulle soos roofdiere uit hul kunsmatige, klipgate en vermaak hulle met alles waar hulle maar sin in het. En kyk, eenvoudige seun van die suiwere natuur, dít is die seëninge wat die mense ontvang van hul magtige klipkultuur!"